JANUARIE

Sondag 1 Januarie 2012
Herlewingsfokus: Wat moet ek bid? Vir konings en heersers
Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid (1 Tim.2:1,2). Watter geloof is daar nie in die krag van gebed nie! 'n Paar swak en veragte Christene moet die magtige Romeinse keisers beïnvloed en help om vrede en rustigheid te bewerkstellig. Laat ons glo dat gebed 'n krag is wat God gebruik in sy heerskappy oor die wêreld. Laat ons vir ons land en sy leiers bid; vir al die heersers van die wêreld; vir die leiers van stede. Wanneer God se kinders in hierdie saak verenig is, kan hulle daarop staatmaak dat hulle gebede meer in die onsigbare wêreld tot stand sal bring as wat hulle ooit kan dink. Laat geloof aan hierdie versekering vashou. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Bitterheid**: God en Vader skenk aan ons die genade, as U kerk in Suid-Afrika, om ons te bekeer van alle bitterheid, toorn en woede, oproer en kwaadpraat, saam met kwaadwilligheid. (Ef.4:31).

Maandag 2 Januarie 2012
Fokus op redding: Gesiggestremdes
Die geskrewe woord is die sleutel tot kennis, maar voordat Braille ontwikkel is, was dit ontoeganklik vir die wat nie kon sien nie. Die kombinasies van net ses klein verhewe puntjies, uitgedruk op spesiale papier, is 'n reddingsboei vir baie gesiggestremde mense. Bid asseblief vir die verspreiding van Braille Bybels vir die wat dit begeer en nodig het in die besonder vir diegene wat dit nie kan bekostig nie. Bid ook vir die vertaling van meer leesstof na Braille, vir blinde mense om te leer Braille lees en dat duisende van hulle gered sal word. (Blind SA. Webruimte: www.blindsa.org.za of e-pos: president@blindsa.org.za).

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 3 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Ware aanbidding
Aanbid God (Op.22:9). Wat kan die rede daarvoor wees dat gebed en intersessie nie 'n groter plesier en vreugde is nie? Die basiese rede is waarskynlik dat ons God nie goed genoeg ken nie. Wanneer ons bid, is ons harte nie eerstens gerig op Hom en om sy teenwoordigheid te ervaar nie. Ons dink hoofsaaklik aan ons behoeftes en ons swakhede, ons begeertes en ons gebede en vergeet dat om in God se teenwoordigheid te vertoef ons eerste prioriteit moet wees wanneer ons na Hom kom. Ons moet die Here die kans gun om Homself aan ons te openbaar. Begin hierdie dag met die woorde: 'Tot U Heer verhef ek my siel'. Buig voor Hom in stilte, glo dat Hy uit die hemel op jou neersien en dat Hy sy teenwoordigheid aan jou sal bekendmaak. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op Moslems in Nederland
'n Gemeente in Nederland nooi een keer per week uitgeweke vroue, meestal van 'n Moslem agtergrond (Turkye, Irak, Iran, ens.) vir koffie. By hierdie geleenthede deel gelowiges gedagtes uit die Bybel met hulle en word hulle gehelp om kreatief te wees en sinvol te lewe. Gedurende die week besoek hulle die vroue en voorsien in hulle behoeftes. Bid asseblief vir hierdie bediening, dat die Here deure sal oopmaak om vir nog meer families van 'n Moslem agtergrond tot diens te wees. Bid ook vir hulle

beskerming en voorsiening sodat hulle met hulle werk kan voortgaan. (E-pos: Marikarentier@solcon.nl).

Woensdag 4 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: God is Gees
God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid (Joh.4:24). Toe God die mens geskape het en van Sy eie Gees in hom ingeblaas het, het die mens 'n lewende siel geword. Die siel het tussen die gees en die liggaam gestaan en was verplig om 'n keuse te maak: of om aan die gees oor te gee sodat dit tot die Here verhef kon word, of om 'n oorgawe aan die vlees en sy begeertes te maak. Met die sondeval, het die mens nie aan die gees gehoor gegee nie en die siel het so die slaaf van die liggaam geword. By wedergeboorte word die gees opgewek en deur Christus herbore. In die wedergebore lewe, in gemeenskap met die Here, is dit die gees van die mens wat homself altyd weer aan die Gees van God moet oorgee. Die gees is die diepste, innerlike deel van die mens. (Ps.51). Die Here sal, dieper as bloot in ons gedagtes en gevoelens, in ons binnekant, in ons gees binne-in ons, ons leer om Hom te aanbid, in gees en waarheid. Vra Hom om dit vandag in jou lewe te doen. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën sodat groeiende gebedswagte stewig gevestig sal word: Nederduits, Gereformeerde Kerk, Kuilsrivier-Suid gebedskamer (Amanda, sel.: 083 271 1837, e-pos: bothmaamanda@gmail.com) en Cape Town House of Prayer in die middestad (Jacqueline, sel.: 084 620 3353, e-pos: jacqueline.vankradenburg@capetown.gov.za). Bid dat gelowiges vrymoedig sal wees om oral te bid – by die werk, by die huis, by die kerk, saam met vriende, ens. Vra dat soos wat hulle vir die behoeftes van ander bid, hulle ook sal getuig oor hoe die Here hulle gebede beantwoord het om sodoende dan ook baie na die Here te lei.

Donderdag 5 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Aanbidding
Buig voor die Here by sy heilige verskyning; betoon eerbied aan Hom, almal op aarde (Ps.96:9). Die Here vertrou Sy hele reddingsplan in Christus toe aan Sy volk, sodat ons as Sy volk dit aan ander bekend kan maak en oordra. Die essensiële en belangrikste manier om dit te doen, is deur middel van intersessie. Deur intersessie verkeer ons as Sy dienaars, in volle gemeenskap met Jesus Christus en ontvang ons só krag van die Heilige Gees. Dit is dié Heilige Gees se krag wat ons in staat stel om vir Hom diens te verrig. Intersessie maak 'n behoefte tot dieper aanbidding in ons wakker. Die mens wat tyd afstaan om in die Here se teenwoordigheid te vertoef, ken die geheim van ware aanbidding. Dit is deur middel van aanbidding dat die Here ons voorberei vir ons groot taak - om Sy heerlikheid bekend te maak. Maak vandag tyd en wag net op die Here. Vra Hom om jou met Sy teenwoordigheid te bedek. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Om vrug te dra**: Vader van ons Here Jesus Christus, ons bid dat gebede onophoudelik sal opgaan vir alle gelowiges sodat hulle vervul sal word met die kennis van U wil in alle wysheid en geestelike insig. Sodat elkeen waardig voor die Here mag wandel en Hom in alles behaag terwyl hulle in elke goeie werk vrug dra en groei in die kennis van God. Bekragtig ons elkeen volgens die mag van U heerlikheid tot alle lydsaamheid en lankmoedigheid met blydskap in U, Vader, wat ons bekwaam gemaak het om deel te hê aan die erfdeel van die heiliges in die lig. (Kol.1.9-12).

Onthou asseblief om voor te berei en te bid op **Sanctity Life Sunday** op 15 Januarie, 2012 dat die heiligheid, die respek vir, die "sanctity of life", weer as 'n geestelike waarde in ons lewens herstel sal word.

Vrydag 6 Januarie 2012
Fokus op misdaad: SMS-wenk inisiatief
Die Stop Misdaad-lyn is in Junie 2007 ingestel en is daarop gemik om misdadigers van die strate af te verwyder. Die projek word deur die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) onderskryf. Daar word op enige inligting van misdadigers wat aan die Stop Misdaad-lyn deurgegee word, gereageer – dit maak nie saak of die oortreders moordenaars, verkragters, diewe, kapers, dwelmsmouse, bendelede, molesteerders, ens, is nie. (Stuur 'n anonieme wenk oor enige misdaad of verdagte aktiwiteit. SMS na 32211 of besoek www.crimeline.co.za). Dank God vir inisiatiewe soos hierdie wat 'n antwoord op gebede van baie jare is! Bid dat mense meer bewus sal word van hierdie inisiatief en dat baie misdadigers voor die hof sal verskyn vir hulle oortredings. Bid vir die redding van misdadigers se siele. Vra ook dat onskuldige mense nie in hegtenis geneem word of in die tronk sal beland nie.

Pray 52: Week 19; Turkye en Gaboen (6-12 Jan 2012)
Bid dat meer gelowiges in hierdie lande in groter groepe waar moontlik bymekaar sal kom om vir langer tye te bid vir spesifieke deurbrake in hulle eie lande. Bid vir die kerk in Turkye en Gaboen dat hulle spesiale gebedstye sal instel om te bid vir die kerk en hulle land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 7 Januarie 2012
Fokus op gebedsmobilisasie: Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk
Bid asseblief vandag vir die verskillende projekte van Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk regoor die land. Bid dat meer individue en groepe sal aansluit, saam sal begin bid en sal inteken op die boekie en die weeklikse Global Prayer Alert sodat hulle op hoogte kan bly van gereelde gebedsverwante nuus en aangeleenthede. Vra Hom om landswyd gebedskoördineerders op te rig om ander in hulle dorpe en stede aan te moedig om ook by gebed betrokke te raak. (Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk. Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 086 594 0565. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Doop ons**: Vader skenk aan die gelowiges in die kerk in Suid-Afrika, 'n gees van gebrokenheid en bekering (Jes.57:15).

Sondag 8 Januarie 2011
Herlewingsfokus: Hoe moet ek bid? Gebed as 'n aangename geur voor God
'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer. Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God. Toe het die engel die wierookbak gevat, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi. Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom. (Op.8:3-5). Dieselfde wierookvat bring die gebed van die gelowiges voor God en werp vuur op die aarde. Die gebede wat na die hemel opstyg, het 'n aandeel in die geskiedenis van hierdie wêreld. Maak seker jou gebede bereik God se teenwoordigheid – bid met geloof, bid met verwagting. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

Maandag 9 Januarie 2012
Fokus op redding: Regeringsamptenare
Bid vir die redding van regeringsamptenare in een en elke regeringsgebou in Suid-Afrika. Vra dat ander Christene die liefde en medelye van Christus sonder skroom teenoor hulle sal uitleef, saam met hulle sal bid en hulle sal begelei om hulle lewens aan Jesus oor te gee.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Afvalligheid**: Ag Here, genees ons van ons afvalligheid, wees sonder voorbehoud lief vir ons, wend U toorn van ons af! (Hos.14:5).

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 10 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Verlange na God
Wat is die beste en heerlikste ding wat die mens ooit op aarde kan sien of vind? Niks minder as die Here Self nie - niks minder en niks meer as om die Here te soek, Hom te vind, te aanbid en om vir Hom en Sy heerlikheid te lewe nie. Begin vandag deur 'n skrifgedeelte uit die Bybel te neem en praat dan met die Here, in die stilte van jou siel. *Ek soek U, o God, my God, ek dors na U; ek smag na U soos in 'n dor en droë land, 'n land sonder water. Ek bly altyd naby U, u hand ondersteun my* (Ps.63:2,9). Dit gaan goed met dié wat sy verordeninge gehoorsaam, dié wat met hulle hele hart sy wil doen (Ps.119:2). Herhaal hierdie woorde met diepe ontsag en kinderlike verlange. As jy só op die Here wag sal jy begin verstaan watter seën daarin is om Hom só te ontmoet. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Woensdag 11 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Stilte
Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding. Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek (Ps.62:2,6). Wanneer die nietige mens die Here in sy heerlikheid ontmoet, verstaan almal dat wat Hy sê, oneindig meer werd is as wat die mens te sê het. Dikwels, in ons gebede, spreek ons net ons gedagtes uit oor wat ons nodig het en gee ons nie vir die Here tyd om met ons te praat nie. Ons gebede is dikwels so onseker en vaag. Die geheim van ware aanbidding lê daarin om stil te wees voor die Here. In stilte en vertroue is ons sterkte. Soos wat die siel hom voor die Here neerbuig, gaan die hart oop om die goddelike bewuswording van die nabyheid van die Here en die werking van Sy krag te ervaar. Dit is nie verlore tyd nie. Moenie jou rug daarop draai as dit aanvanklik moeilik en tevergeefs voorkom nie. Wees verseker dat dit jou in die regte verhouding tot God stel. Dit maak die pad oop vir gemeenskap met Hom. Dit sal jou versterk as jy oor die Here getuig. Oordink die volgende versie vandag: Die Here is in sy heilige tempel: almal op aarde moet in sy teenwoordigheid stil wees! (Hab.2:20). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën sodat groeiende gebedswagte stewig gevestig sal word: Nederduits Gereformeerde Kerk Suid-Strand gebedskamer (Carel, sel.: 072 278 9225, e-pos: carelrita@iburst.co.za) en La Motte gebedswag in Franschhoek (Junita, sel.: 082 393 7811 of e-pos: pray@la-motte.co.za). Here stort u Gees van gebed en verootmoediging wêreldwyd in U kerk uit. Gee dat gebedshuise oor die hele wêreld opgerig sal word. Ons vra dat gelowiges getrou die beloftes uit U Woord sal bid sodat U koninkryk sal kom en U wil sal geskied op aarde net soos in die hemel. (Matt.6:10).

Donderdag 12 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Die lig van die Here se aangesig
God is lig (1 Joh.1:5). *Die Here is my lig en my redding* (Ps.27:1). Die lig van die son skyn heeldag op ons. MAAR OM DIE LIG VAN DIE HERE SE AANGESIG TE GENIET, moet die siel na die Here draai en vertrou dat Hy Sy lig daarop sal laat skyn. Hou aan totdat jy weet dat die lig van Sy aangesig op jou skyn en Sy seën op jou rus. Dan sal jy die waarheid van Sy Woord ervaar: Dit gaan goed met die volk wat kan jubel tot u eer, wat in u lig lewe, Here. Hulle besing u Naam die hele dag, hulle prys u

reddingsdade (Ps.89:16-17). Dit is die begeerte van die Vader dat jy die hele dag lank in Sy lig moet wandel en Hom moet prys. Maak seker dat die lig van die Here reeds vroegoggend op jou skyn, dan is jy daarvan verseker dat die Lig die hele dag lank by jou sal wees. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Gesag**: Bid dat jou prediker met krag,oortuiging en gesag die Woord van God sal bedien. (1 Kor.2:1-4; 2 Tim.3:16-4:4).

13 Januarie 2012
Fokus op Bikers Church
Getuienis van Christian Motorcyclist Association: "Ons het al baie verstommende wonderwerke gesien en hoor soveel wonderlike getuienisse van baie motorfietsryers en hulle gesinne wat werklik verworpe en rof was, wat die Here gered het deur middel van CMA uitreike. Ons missie is: EEN HART OP 'N SLAG. Die Here is waarlik getrou. Daar is minder CMA uitreike in Desember, maar teen Februarie is ons weer goed op dreef. Dankie vir julle bereidheid en gehoorsaamheid om vir ons te bid. Dank God vir antwoorde op baie gebede en dat Hy soveel lewens van motorfietsryers in Suid Afrika aangeraak het. (Bikers Church, Posbus 1755, Brackenfell, 7561. Tel.: 021 982 2303, faks: 021 982 0997. E-pos: bikercrc@mweb.co.za of leane@CMACapeTown.org.za).

Pray 52: Week 20: Soedan / Comore-eilande (13-19 Jan 2012)
Vra die Heilige Gees om gelowiges oral aan te moedig om gebedskamers of gebedswagte in te stel, waar al 168 ure van die week met gebed bedek sal wees. So kan daar deurbrake in elke volk en land kom en baie die Here aanneem. Bid vir die kerk in Soedan en die Comore-eilande, dat hulle spesiale gebedstye sal instel om te bid vir die kerk en hulle land en volk. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 14 Januarie 2012
Fokus op evangelisasie
Every Home for Christ, South Africa (EHCSA) neem deel aan die Judea Harvest Ministries', John's Journey uitreik- en dissipelskapaksie. Hierdie uitreik vind plaas oor die volgende sewe jaar. Bid vir EHCSA omdat hulle vier miljoen "The Gospel of John/Seven Steps to Knowing God" boekies sal voorsien wat tydens die aksie gebruik gaan word. Bid asb dat die leweransiers goedgesind sal wees en EHCSA se versoek vir bykomende leesstof sal oorweeg. (EHCSA. Posbus 7256, Centurion 0046. Tel.: 012 663 4587. Webruimte: www.ehcsa.co.za of e-pos: info@ehcsa.co.za).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Woede**: Oortuig ons van ons oortredings as ons negatiewe dinge sê oor ander mense wanneer hulle nie teenwoordig is nie. Openbaar ook enige woede wat ons teen onsself, ander en teen U het.

Onthou asseblief om voor te berei en te bid op **Sanctity Life Sunday** op 15 Januarie, 2012 dat die heiligheid, die respek vir, die "sanctity of life", weer as 'n geestelike waarde in ons lewens herstel sal word.

Sondag 15 Januarie 2012
Herlewingsfokus: Wat moet ek bid? Vir konings en heersers
Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir die wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser (1 Tim.2:1-3). Die oorloë oor die hele aarde laat Hy ophou, pyle en boë verbreek Hy, spiese

slaan Hy stukkend, oorlogswaens verbrand Hy met vuur (Ps.46:10). Watter verskriklike toneel - die militêre bewapening waarin die nasies hulle trots vind! Watter vreeslike gedagte – bose begeertes/drange wat enige oomblik oorlog kan veroorsaak! Watter vooruitsig van lyding en verwoesting wat moet kom! God kan vrede gee in antwoord op die gebede van sy kinders. Kom ons bid dat geregtigheid ongeregtigheid sal oorkom, dit is al hoe hierdie situasie omgekeer kan word. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

Sanctity Life Sunday
Vandag is Sanctity Life Sunday. Diegene wat die Woord bedien regoor Suid-Afrika word aangemoedig om te preek oor dit wat die Bybel oor aborsie sê. Hulle word gevra om hulle gemeentes te mobiliseer vir gebed en bekering. Indien die meeste kerkgangers verstaan wat die Bybel leer oor hoe die lewe begin, sou die heiligheid van lewe vir ons duidelik word. Ons sal dan 'n dieper verstaan hê van ons Christelike verantwoordelikheid om vir die reg op lewe van voor-geboorte babas op te staan. So sou ons duisende waardevolle lewens kon red van aborsie. (Vir meer inligting kontak: Africa Christian Action. Tel.: 021 689 4480. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za). Bid vir die politieke leiers wat standpunt sal begin inneem teen die wet wat aborsie toelaat. Vra dat Christene in invloedryke posisies, hulle opinie oor die saak bekend sal maak en dat hulle hulle dit ten doel sal stel om die wet, wat aborsie op aanvraag toelaat, te laat herroep. Bid dat dokters en verpleegsters hulle opinies oor die saak sal bekend maak en dat hulle die vryheid sal hê om te weier om aborsies te doen. Vra die Here om ons nasie te vergewe omdat aborsies toegelaat word.

Maandag 16 Januarie 2012
Fokus op redding: Evangeliste
Bid vandag vir predikers, pastore, dominees en leke-predikers. Vra dat hulle met die Heilige Gees en met vuur gedoop sal word (Matt.3:11) en om die kernwaarhede van die belydenis van Jesus Christus weer te preek. Vra dat hulle 'n openbaring sal hê van die hart van Jesus vir die verlorenes en dat hulle hulle nooit, onder watter omstandighede ook al, sal skaam vir die evangelie en die naam van Jesus Christus nie.

Rentmeesterskap fokus: World Future Energy Summit 2012 (16-19 Januarie)
Die jaarlikse World Future Energy Summit (WFES) in Abu Dhabi is die wêreld se grootste vergadering van invloedryke individue in die hernubare energie-industrie. Hierdie spitsberaad verenig die leiers in die industrie, asook beleidmakers en navorsers om die uitdagings in die groeiende vraag na energie te bespreek en om te beplan vir 'n skoner, meer volhoubare energie-toekoms vir die wêreld. Meer as 1 124 afgevaardigdes, 30 regerings, 300 maatskappye en 734 joernaliste het die WFES 2009 bygewoon. (Webruimte: http://tinyurl.com3rgdxss). Bid asseblief dat God sal ingryp in die harte en verstand van diegene wat die spitsberaad bywoon, sodat die besluite wat hulle neem, Sy naam sal verheerlik, veral waar dit hernubare energie strategieë, ekonomiese-, tegnologiese sake, beleggings en opvoeding aangaan. Bid spesiaal dat politieke agendas nie sal inmeng met die noodsaaklikheid daarvan om oplossings vir die probleme te vind nie.

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 17 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Geloof
Jesus antwoord en sê vir hulle: Julle moet geloof in God hê (Mark.11:22). Die mens is vir die Here gemaak, om Hom te soek, om Hom te vind, om tot Sy gelykenis te groei, Sy heerlikheid te vertoon, om op die volledigste manier Sy woning te wees. So dikwels swoeg en sweet ons om naby aan God te voel en aan Hom te dink en vergeet ons heeltemal om nét op Hom te fokus - Hy is immers die

Onvergelyklike Oorspronklike! Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag of om Hom te ken. Ons moet ons Vader, wat in die verborgene is, aanbid. Daar sal Hy ons veilig laat skuil in Sy woonplek. Oordink die versie: Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here! (Ps.27:14). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Erkentlikheid**: Heilige God, maak dit moontlik vir ons, die gelowiges in die kerk in Suid-Afrika om ons oortredings te erken en om te verstaan dat ons sondes altyd voor U is. (Ps.51:4).

Woensdag 18 Januarie 2012

Die geheim van intersessie: Alleen met die Here

Op n keer terwyl Jesus eenkant besig was om te bid (Luk.9:18). *… het Hy verder die berg op ge-gaan, Hy alleen* (Joh.6:15). Die Here het die mens vir Homself gemaak, om sy lewe en geluk in God alleen te vind. Die mens het nodig om alleen met God te wees. Redding beteken om met liefde en vreugde in die teenwoordigheid van die Here te kom. Alleen met God, dit is die geheim van ware gebed, van ware krag in gebed, van ware lewe, van aangesig tot aangesig in gemeenskap met die Here. Dit is waar ons krag vir ons werk kry. Daar is geen egte, diep bekering, geen diep ware heilig-heid, geen bekleding met die Heilige Gees en met krag, geen blywende vrede of blydskap, as mens nie daagliks alleen met die Here verkeer nie. Laat hierdie die een ding wees waaroor jy beslis is – om die Here te soek, te vind en te ontmoet. Gee tog aandag aan my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek (Ps.5:3). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed

Bid by name vir die Here se seën sodat groeiende gebedswagte stewig gevestig sal word: Mandela Park gebedskamer in Khayelitsha (Cynthia, sel.: 078 067 1498) en City Wide Watch in Kaapstad (Dave, sel.: 074 155 1247, e-pos: citywatch@jwipn.com). Bid vir beskerming van geboue en plekke waar Christene saamkom om te bid, dat die lokale nie afgebrand of aangeval of die Christene vermoor sal word nie. Vra vir die beskerming van Christenleiers in die geslote lande. Dat hierdie leiers mense sal oproep om saam te bid, dat hulle samekomste nie ontdek sal word nie en dat hulle nie beboet of gevangenskap opgelê sal word nie. Die lande waar regerings die een of ander vorm van geweld teen godsdienstige groepe of individue gebruik, het gestyg van 91 (46%) vir die periode geëindig middel 2008, tot 101 (51%) vir die periode geëindig middel 2009. Die geweld sluit in die dood van individue, fisiese aanranding, gevangennisskap, aanhouding of verwydering uit hulle huise en ook beskadiging of afbreek van persoonlike eiendomme of aanbiddingsplekke.

Donderdag 19 Januarie 2012

Die geheim van intersessie: Kennis van God

En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus wat deur U gestuur is (Joh.17:3). Kennis van God is absoluut noodsaaklik vir ‘n geestelike lewe. Nie die kopkennis wat ons van ander kry of deur ons eie gedagtes nie, maar die lewende ervaringsleer waarin die Here Homself aan die siel van ‘n mens bekend maak. Broer Lawrence – ‘n monnik van ‘n paar eeue gelede - het ‘n groot verlange gehad om die Here te ken. Sy geestelike voorgangers het aan hom gebedeboekies gegee om te gebruik, maar hy het dit eenkant toe geskuif. “Dit help nie veel om te bid as ek nie die Here tot wie ek bid, ken nie”, het hy gesê. Die Here toon Homself as lewe, lig, vreugde en sterkte aan die siel wat op Hom wag. Oordink hierdie Skrif vandag: Daar is baie wat sê: Wie sal dit weer met ons goed laat gaan? Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons! (Ps.4:7). Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde (Ps.46:11). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Aanvaarding**: Here God, ons bid dat U, wat ons laat uithou en ons aanmoedig, ons 'n gees van eenheid onder mekaar sal gee terwyl ons Christus Jesus volg, sodat ons U, die God en Vader van ons Here Jesus Christus, uit een hart en een mond mag verheerlik. Help ons om mekaar te aanvaar, net soos Christus ons aanvaar, sodat ons eer aan U bring. (Rom.15:5-7).

Vrydag 20 Januarie 2012
Fokus op evangelisasie
Live School, 'n inisiatief wat plaaslike kerke oplei deur middel van die elektroniese media, vra vir voorbidding: Ons almal gaan 2012 met twee emosies binne. Een is 'n groot bekommernis oor die wêreldekonomie en die uitwerking daarvan op sendings. Die ander is die verwagting dat die Here met oorvloed, bokant enigiets wat ons ons ooit kan indink, sal intree. 'n Groot deel van ons bediening is in Russies sprekende areas asook in Sentraal Asië. Bid vir die Here se bonatuurlike voorsiening, om die huidige werk van die Live School vol te hou. Bid dat die invloed van Live School rondom die wêreld sal toeneem. Vra dat ons die deure wat die Here oopmaak reg sal onderskei en dat ons die moed sal hê om in geloof te wandel en alles te doen wat Hy van ons verwag. (Chrissie Naude. Tel.: 012 343 1165. Webruimte: www.liveschool.org of www.worldmissioncentre.com of e-pos chrissien@liveschoolsa.org).

Pray52: Week 21: Kameroen / Niger (20-26 Jan 2012)
Vra die Here van die oes om Christene van ander nasies aan te moedig om gebedsspanne na hierdie en ander lande te stuur tydens hierdie spesifieke week. Vra dat hulle met gebed sal volhard vir deurbrake vir die naam van Jesus in hierdie lande. Bid dat die kerk in Kameroen en Niger spesiale gebedstye vir die kerk en hulle land en volk sal reël. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 21 Januarie 2012
Association of Christian Broadcasters (ACB)
Bid dat die Christen media Jesus se hart vir Suid-Afrika sal weerspieël. Bid vir wysheid met die stigting van die Association of Christian Media (ACM), 'n nuwe Christelike media organisasie en 'n uitbreiding van die Association of Christian Broadcasters (ACB). Bid vir die sukses van nuwe groepe wat graag nuwe Christen radiostasies in kleiner dorpe en plattelandse gebiede in Suid-Afrika wil stig. Bid vir Christene wat in die media werk, dat hulle vol van die krag van die Heilige Gees en vrymoedig sal wees en met groot wysheid sal optree.

Fokus op Incontext Ministries
Die wêreld verbly hulle in die dood van elke terroris, maar as Christene behoort ons te treur vir die siele wat vir ewig verlore is. As Christus vir almal gesterf het, het Hy sekerlik ook vir al-Qaeda, Hamas, ens. gesterf. As hulle net die Here geken het! Die enigste manier om terrorisme te beveg is met die "wapens" van liefde en gebed. Bid vir die lede van hierdie terroriste groepe en ook vir hulle families. Bid vir drome en gesigte, harte wat verander en vir die oortuiging van sonde. Bid vir geleenthede om die boodskap van redding te hoor en vir die vryheid om te reageer, ten spyte van die moontlikheid van vervolging en die dood wat dit tot gevolg mag hê. (Webruimte: www.incontext.webs.com of e-pos: helga@incontextministries.org).

Sondag 22 Januarie 2012
Herlewingsfokus: Hoe moet ek bid? Met die verstand
Hoe moet dit dan wees? Só, dat ek met die gees moet bid, maar ook met die verstand (1 Kor.14:15). Ons moet bid met ons gees, wat as geleier dien wanneer God se Gees vir die mens intree, as ons God met geloof en krag wil aangryp. Ons moet met die verstand bid, indien ons regtig diep wil indring in die

behoeftes wat ons voor Hom bring. Neem tyd om met elke saak die aard, die omvang en die dringendheid van die versoek, asook die basis en metode en sekerheid van God se belofte soos in sy Woord geopenbaar, te begryp. Laat die verstand die hart beïnvloed. Bid met die verstand en met die gees. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Vrees God**: Vra die Here vir 'n diepe oortuiging van sonde, geestelike gebrokenheid, 'n heilige vrees vir Hom en ware bekerings in die land. (2 Kor.7:10).

Maandag 23 Januarie 2012
Herlewingsfokus: Motorfietsryers
Bid vandag vir alle motorfietsryers landwyd. Hierdie is unieke mense, eiesoortig in lewensuitkyk, hulle behoeftes en dit wat hulle harte aanraak. Bid asseblief vir Christen motorfietsryers wat met vrymoedigheid die evangelie van Jesus op 'n gemaklike trant met ander ryers kan deel, sodat hulle so diep daardeur geraak word dat hulle bereid sal wees om hulle lewens aan die Here oor te gee.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Die gesinsaltaar**: Bid vir Christen gesinne om die gesinsaltaar weer in te stel vir tye van saambid vir bv. die behoeftes van die gesin, verhoudings, die redding van siele en ander dringende sake.

One Day in the Gap: Onthou om vir 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 24 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Ken die Here as Vader
… doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; (Matt.28:19). Christus het ons geleer om te sê: Vader, laat u Naam geheilig word (Luk.11:2). As die Here heilig is, dan is ons ook heilig. Daar is geen ander manier om heilig te word behalwe om Sy naam as heilig te ag nie en tot Hom in gebed te nader nie. As jy tot jou Vader in die geheim bid, buig baie laag voor Hom en doen moeite om Sy naam as die mees heilige te aanbid. Onthou Hy is die Allerheiligste van jou gebed. Oordink vandag hierdie skrif: Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon (Matt.6:6). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Dring deur Bamboesgordyn met Woord van God
'n Geskatte 83% van Chinese word steeds as "onbereik" beskou. Die Kommunistiese regering beheer steeds die vyf godsdienste wat amptelik erken word deur die Three-Self Patriotic Movement (TSPM). Protestantse Christenskap (wat 7.92% van die bevolking verteenwoordig) word hierby ingesluit. Bid dat Hy FEBC's se evangeliese uitsendings sal gebruik om hierdie persentasie te vergroot. Prys die Here vir die verstommende groei van die Chinese Kerk – van 2,7 miljoen evangeliese Christene in 1975 tot meer as 75 miljoen in 2010! Dank die Here vir Sy gebruik van die radio wat gehelp het om dit te bereik. (FEBA Radio SA. Tel.: 012 335 5708/764. Webruimte: www.febaradio.co.za).

Woensdag 25 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Ken die Seun van God
Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus! (Rom.1:7). Daar mag tye wees dat ons oorwegend net aan God die Vader dink en met Hom praat. Later besef ons dat ons onsself geestelik te kort doen as ons nie die waarheid daarvan verstaan dat dit slegs deur die geloof in Jesus Christus, elke uur van elke dag, is dat ons die volle, blywende gemeenskap met Hom kan hê. Hy is die Lam wat in die middel van die troon staan. (Op.4:3, 5; Op.5:6). Wanneer jy God ken en aanbid, soek en aanbid Hom in Jesus Christus. En wanneer jy Christus soek, soek Hom en aanbid Hom in

God. Dan sal jy verstaan wat dit is as jou lewe met Christus in God verborge is. Spandeer tyd en bepeins dit: Glo in God die Vader en Sy Seun, Jesus Christus. (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

Fokus op die stigting van 24-7 Huise van Gebed
Bid by name vir die Here se seën sodat groeiende gebedswagte stewig gevestig sal word: Woodstock Baptist Gebedskamer in Woodstock (Jack Bruce, sel.: 083 659 5119, e-pos: jkbruce@telkomsa.net) en Tygerberg Gebedswag (Ash, sel.: 072 341 8759, e-pos: oomash@telkomsa.net). Hou aan met bid dat die Here Sy Gees van gebed en verootmoediging sal uitstort op elke huis van gebed dwarsoor die wêreld. (Sag.12:10). Vra vir krag vir elke bidder, deursettingsvermoë en eenheid tussen die leiers, die goedgesindheid van die gelowiges en nie-gelowiges in die omliggende gemeenskappe en die nodige fondse en persele vir elke huis van gebed sodat hulle met God se werk kan voortgaan.

Donderdag 26 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Ken God, die Heilige Gees
Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader (Ef.2:18). Ons moet daarteen waak om die Here en Christus deur die krag van ons intellek of emosies te leer ken. Die Heilige Gees is spesifiek gegee vir die doel dat "ons, deur Hom, toegang mag hê tot die Vader deur die Seun". Laat ons daarteen waak om tevergeefs te werk, omdat ons nie wag vir die lering van die Heilige Gees nie. Oordink hierdie Skrif en vra die Vader om jou te doop in die Heilige Gees. Wie uit sy eie praat, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is geloofwaardig, en daar is niks oneerliks in Hom nie (Joh.7:18). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Wees voorbereid**: God van vrede wat ons Here Jesus, die grootse Herder van Sy skape, uit die dood opgewek het, deur die Bloed van die ewige gelofte, rus asseblief U kerk in Suid-Afrika toe met goeie dinge, sodat ons U wil kan doen. Bewerkstellig in ons dit wat voor U aangesig welgevallig is, deur Jesus Christus, aan wie al die heerlikheid vir ewig en ewig toekom. Amen. (Heb.13:20-21).

Vrydag 27 Januarie 2012
Fokus op Precept Ministries SA
Precept Ministries skryf: Prys Hom vir Sy getrouheid gedurende 2011! Bid vir hierdie Nuwe Jaar, dat meer groepe en kerke ons sal nooi om ons gratis, 40 minuut, werkswinkels aan te bied en dat dit vir ons moontlik sal wees om meer mense bekend te stel aan beide die Afrikaanse en Engelse 40 Minuut Reekse. Bid ook vir die opleiding in Oos-Londen aan die einde van Januarie. Bid dat die doel van die opleiding, om mense in die Woord van God te vestig, bereik sal word en dat deelnemers die nodige vaardighede sal ontwikkel om die Bybel in diepte te bestudeer. (Precept Ministries S.A. Posbus 539, Howard Place, 7450. Tel./Faks: 021 531 1836. Webruimte: www.precept.org.za of e-pos: marilizerv@precept.org.za).

Pray 52: Week 22: Bahrein / Katar (27 Jan - 2 Feb 2012)
Vra ons Vader in die hemel dat Sy Naam geheilig sal word en dat elke land wêreldwyd elke moontlike manier sal benut om die kerk in sy eie land te mobiliseer. Dat die kerke vir sendelinge en nuwe bekeerlinge bid, sal besoek en ondersteun in hierdie lande. Bid dat die kerk in Bahrein en Katar spesiale gebedstye vir die kerk en hulle land en volk sal reël. (Kontak: pray52@supermail.co.za / inligting is ook beskikbaar in Arabies, Frans en Farsi. Vir spesifieke inligting oor gebed vir hierdie lande, besoek: www.operationworld.org).

Saterdag 28 Januarie 2012

Fokus op Wêreld Melaatsheid Dag môre
Volgens die mees onlangse berekeninge van die Wêreld Gesondheidsorganisasie, van 2007, affekteer melaatsheid elke jaar steeds meer as 250 000 mense, waarvan die meeste in armoede leef. In daardie jaar was daar 254 525 nuwe gevalle van melaatsheid, waarvan 212 802 reeds behandel is. (Webruimte: http://tinyurl.com424uxhq). Bid asseblief vir die geskatte 40 000 kinders wat melaats is. Ongeveer 12% van alle nuwe gevalle van melaatsheid, is kinders van jonger as vyftien jaar. Bid vir hulle redding, vir behandeling en hulle algehele en permanente herstel.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Verdeeldheid**: Vra die Here om al die mure van rasisme, kultuur en denominasie af te breek en in Hóm te verenig.

Sondag 29 Januarie 2012
Herlewingsfokus: Wat moet ek bid? Vir die uitstorting van Heilige Gees op die Christendom
Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af (2 Tim.3:5). *Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood* (Op.3:1). Daar is 2 miljard mense wat sê dat hulle Christene is. Die toestand van die meerderheid is skrikwekkend. Vormgodsdiens, wêreldgesindheid, goddeloosheid, verwerping van Christus se kruisdood, onkunde en onverskilligheid - tot watter mate heers hierdie toestande nie! Ons bid vir die heidene; o, laat ons ook onverpoos bid vir ons/hulle wat Christus se naam dra. Baie van hulle verkeer in erger duisternis as dié waarin die heidene hulle bevind. Voel 'n mens nie dat dit tyd is om sy lewe af te lê en God dag en nag te smeek vir siele nie? In antwoord op gebed gee God die krag van die Heilige Gees. (Verwerk uit *Gesprek met God* deur Dr. Andrew Murray).

Maandag 30 Januarie 2012
Fokus op redding: Presidente en konings
Bring presidente, eerste ministers, konings, prinse en al die verskillende leiers van lande, stamme en volke voor die aangesig van die Here. Vra die Here Jesus dat Hy Homself aan elkeen van hulle sal openbaar. Bid met kinderlike geloof – vra dat die openbaring van die kennis van die Here Jesus Christus aan hulle bekend sal raak. Hou aan om soos wat die Heilige Gees jou lei te bid vir leiers van lande sodat hulle Jesus sal leer ken.

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: **Afhanklikheid**: Bid dat die Here 'n gees van verootmoediging en gebrokenheid onder gelowiges sal skep. (Jes.57:15; Jak.4:6). Diegene wat selfstandig en trots is sal die Here nie laat herleef nie. Bid dat gelowiges hulle geestelike bankrotskap en algehele afhanklikheid van die Here Jesus sal besef.

One Day in the Gap: Onthou om 'n spesifieke dag te registreer wanneer jy in die bres gaan staan vir die volk van Suid-Afrika. Registreer by pray@jwipn.com of tel.: 012 365 3213.

Dinsdag 31 Januarie 2012
Die geheim van intersessie: Heelhartig vir die Here
Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie (Ps.73:25). Alleen met die Here – dit is 'n uiters belangrike woord. Omdat ons dit moeilik vind om te volhard in "alleen wees met die Here", besef ons dat daar iets moet skort. Ons is nie "heelhartig vir die Here" nie. Sonder heelhartige oorgawe, kan Hy nie sy krag aan ons bekend maak nie. Soos wat 'n moeder haarself vir haar kind gee, so sal die Here Homself heeltemal vir ons gee – so graag begeer Hy dat ons onsself vir moet Hom gee. Laat ons in ons binnekamer alleen met die Here oor hierdie dinge nadink: ...en Hy het Hom deur hulle laat vind, en hulle rus gegee na alle kante toe (2 Kron.15:15). Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, (Ps.119:10). (Verwerk uit *Daily secrets for Christian living* deur Dr. Andrew Murray).

One Day in the Gap gebedsfokus vir vandag: Vrees God: **Onderskeiding**: Bid vir geestelike begrip en onderskeiding onder die mense. (Ef.1:17).